# Sitrus Aanplanting Bestuur

## 1 Inleiding tot Sitrus Aanplanting Bestuur

Leergids

Kopiereg ©

Posbus 461, Hillcrest, 3650
(031) 765-3410

**© Citrus Academy NPC**
1st uitgawe 2017

Die inhoud van hierdie module is gebaseer op audiovisuele opleidings materiaal wat deur die Sitrus Akademie geproduseer is.

**Draaiboek:**
Mooipraatjies

**Aanbieder:**
Mariëtta Kruger

**Oudiovisuele produksie:**
Media World

**Addisionele inligtingsbronne:**
Produksieriglyne vir Uitvoersitrus: Deel I – Verbouing van Sitrus: Vestiging, *Citrus Research International*
Cultivar Fact Sheet, *Citrus Research International*
Sitrus Akademie produksie opleidingsmateriaal:
- Enterprise Selection and Establishment
- Orchard Establishment
- Propagation

**Project koördineerder:**
Sitrus Akademie (Jacomien de Klerk)

**Vervaardig deur** Citrus Academy

**In samewerking met** Citrus Research International

**Met die ondersteuning van** Citrus Growers' Association of Southern Africa – Grower levies working for you!

**Geborg deur** AgriSETA

**Vrywaring**

Met die aanvaarding van hierdie dokument en die inhoud daarvan stem u in dat u tot die voorwaardes van hierdie vrywaring verbind is.

U gebruik die inhoud van hierdie dokument uitsluitlik op eie risiko. Nóg die Sitrus Akademie, nóg Citrus Research International (CRI), nóg die Sitrusprodusentevereniging (Citrus Growers' Association – CGA) waarborg dat die inhoud van hierdie dokument geskik is vir u beoogde gebruik, of dat dit sonder onakkuraathede en weglatings is. Die menings en raad wat in hierdie dokument uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA nie. Die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs kan nie verantwoordelik gehou word vir verlies of skade van enige aard wat gely word as 'n direkte of indirekte gevolg van die gebruik, of die onvermoë om gebruik te maak, van enige raad, mening en / of inligting wat in hierdie dokument vervat is nie, of enige doelbewuste of onbewuste wanvertolking, wanvoorstelling of weglating in hierdie dokument, nie.

U vrywaar die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA van enige eis deur enige derde party teen die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs voortspruitend uit, of in verband met die gebruik van, of vertroue in die inhoud van hierdie dokument. Dit is u verantwoordelikheid om te die geskiktheid al dan nie, van die beoogde gebruik van die dokument te bepaal.

# Inhoud

**Inleiding** 4
**Sitrus Kultivars en Onderstamme** 4
**Boord Uitleg en Beplanning** 5
**Boordvestiging** 5
**Boord Rekordhouding** 5
**Ten Slotte** 5

citrus academy
CRW

# Inleiding

**definisie**

## Aanplanting Bestuur

Met aanplanting bestuur bedoel ons die beplanning en aanplanting van nuwe sitrus boorde, en die rekordhouding van individuele boorde oor hulle lewensduur om vir optimale boordbestuur. As aanplanting bestuur reg gedoen word, dra dit by tot die langtermyn lewensvatbaarheid van die hele plaas.

Die aanplanting van nuwe boorde is die heel belangrikste deel van die ontwikkeling van 'n nuwe sitrus produksie eenheid. Dit is ook gewoonlik die grootste kapitale belegging wat 'n sitrus boer maak, en waarvan die boer dan die inkomste moet genereer om sy belegging lonend te maak.

As dit nie die beste kultivar is nie, as die boord verkeerd uitgelê word, as voorbereiding nie goed gedoen word nie, as die boompies van 'n swak gehalte is, of as die boompies nie ordentlik geplant en versorg word terwyl hulle jonk is nie, kan dit beteken dat die boord nooit sy volle potensiaal in terme van volume en gehalte produksie sal bereik nie. Dit kan ook beteken dat produksiepraktyke aangepas moet word om daarvoor te kompenseer wat kostes kan vermeerder. Dit kan dit dan ook moeiliker maak om die vrugte te bemark en goeie pryse te kry. Dit kan selfs beteken dat die boord se lewensduur verkort word.

citrus academy

**opsomming**

## Aanplanting bestuur behels die volgende:

CRW

- Seleksie van die optimale sitrus tipe en kultivar
- Beplanning en uitleg van die nuwe aanplantings
- Voorbereiding vir aanplanting van boompies
- Die aanplanting en versorging van jong boompies; en
- Rekordhouding van alles wat te doen het met die boord, vir solank as wat die boord in produksie is

# Sitrus Kultivars en Onderstamme

Vandag se sitrusprodusent het 'n wye keuse as dit by kultivars en onderstamme kom. Daar is verskeie faktore wat 'n rol speel in hierdie keuse, en dit is belangrik om die faktore en die rol wat hulle speel te verstaan. Na die keuse gemaak is, word die boompies by 'n sitruskwekery bestel, partymaal so lank as twee jaar voor hulle geplant word.

# Boord Uitleg en Beplanning

Die volgende stap is om die nuwe boord uit te lê.

- Waar gaan die boord wees?
- Wat van die topografie van die land?
- Wat moet ons weet van die natuurlike hulpbronne?
- Wat se plant digtheid sal ons gebruik?
- Hoe kan ons die uitleg beplan om die minste moontlike impak te hê op die natuur?
- Wat van infrastruktuur?

# Boordvestiging

Hoe lank ons nodig het vir voorbereiding voor ons begin plant, hang af van faktore soos grond voorbereiding en infrastruktuur.

Uiteindelik sal die tyd kom om die boompies te plant. Daarna moet ons die boompies versorg en seker maak dat hulle vinnig en mooi groei sodat hulle in die kortste moontlike tyd kan begin produseer.

citrus academy

# Boord Rekordhouding

Boorde het 'n kommersiële lewensduur van tussen agtien en dertig jaar. As aanplanting bestuur goed gedoen was, kan goeie volumes bemarkbare vrugte produseer word solank die korrekte produksie praktykte gevolg word.

Maar kan ons sommer net aanvaar dat ons altyd dieselfde aantal bome sal hê as die dag wat die boord geplant is? En hoe moniteer ons die prestasie van die boord? Hiervoor het ons ordentlike rekords nodig – onthou dat jy nie kan bestuur wat jy nie meet nie.

# Ten Slotte

Daar is altyd faktore buite ons beheer wanneer ons boer. Dit maak die faktore wat ons wel kan beheer soveel meer belangrik. Goeie plant bestuur is 'n faktor wat ons kan beheer en dit kan 'n groot impak hê op die sukses van die plaas.

# Sitrus Aanplanting Bestuur

## 2 Sitrus Tipes en Kultivars

Leergids

Kopiereg ©

Posbus 461, Hillcrest, 3650
(031) 765-3410

**© Citrus Academy NPC**
1ste uitgawe 2017

Die inhoud van hierdie module is gebaseer op oudiovisuele opleidingsmateriaal wat deur die Sitrus Akademie geproduseer is.

**Draaiboek:**
Mooipraatjies

**Aanbieder:**
Mariëtta Kruger

**Oudiovisuele produksie:**
Media World

**Addisionele inligtingsbronne:**
Produksieriglyne vir Uitvoersitrus: Deel I – Verbouing van Sitrus: Vestiging, *Citrus Research International*
Cultivar Fact Sheet, *Citrus Research International*
Sitrus Akademie produksie opleidingsmateriaal:
- Enterprise Selection and Establishment
- Orchard Establishment
- Propagation

**Projek koördineerder:**
Sitrus Akademie (Jacomien de Klerk)

**Vervaardig deur** **In samewerking met** **Met die ondersteuning van**

**Geborg deur**

**Vrywaring**

Met die aanvaarding van hierdie dokument en die inhoud daarvan stem u in dat u tot die voorwaardes van hierdie vrywaring verbind is.

U gebruik die inhoud van hierdie dokument uitsluitlik op eie risiko. Nóg die Sitrus Akademie, nóg Citrus Research International (CRI), nóg die Sitrusprodusentevereniging (Citrus Growers' Association – CGA) waarborg dat die inhoud van hierdie dokument geskik is vir u beoogde gebruik, of dat dit sonder onakkuraathede en weglatings is. Die menings en raad wat in hierdie dokument uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA nie. Die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs kan nie verantwoordelik gehou word vir verlies of skade van enige aard wat gely word as 'n direkte of indirekte gevolg van die gebruik, of die onvermoë om gebruik te maak, van enige raad, mening en / of inligting wat in hierdie dokument vervat is nie, of enige doelbewuste of onbewuste wanvertolking, wanvoorstelling of weglating in hierdie dokument, nie.

U vrywaar die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA van enige eis deur enige derde party teen die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs voortspruitend uit, of in verband met die gebruik van, of vertroue in die inhoud van hierdie dokument. Dit is u verantwoordelikheid om die geskiktheid al dan nie, van die beoogde gebruik van die dokument te bepaal.

# Inhoud

**Inleiding** 4
**Terminologie** 4
**Sitrus Tipes en Kultivars** 5
Soet Lemoene 5
Nawel Lemoene 6
Valencia Lemoene 7
Sagte Sitrus 7
Satsumas 8
Clementines 8
Mandaryne 9
Suurlemoene en Lemmetjies 10
Pomelo's 10
Star Ruby 10
Marsh 11
Rosé 11
Shaddock 11
**Sitrus Onderstamme** 12
**Veilige Plant Materiaal** 13
**Ten Slotte** 14

citrus academy
CRW

# Inleiding

Hoeveel sitrus tipes en kultivars kan jy opnoem? Mens kan met veiligheid sê dat daar meer kommersiële sitrus kultivars in produksie is wat meeste mense kan opnoem. Tussen gesogte suurlemoene, lemoene, nartjies en pomelo's wat ons in elke supermark kry – en op elke tweede straathoek gedurende die sitrus seisoen – en meer eksotiese kumkwats, Shaddocks en Minneolas, het sitrus produsente vandag 'n wye keuse as dit by kultivars kom.

Hoe kies 'n sitrus produsent dan 'n kultivar? Dit is 'n keuse wat met 'n langtermyn uitkyk geneem moet word – as bome eers in die grond is sal die vrugte wat hulle produseer vir agtien tot dertig jaar bemark moet word vir 'n prys wat vir die produsent 'n goeie opbrengs op sy belegging sal gee.

# Terminologie

Die eerste ding wat ons moet verstaan is terme wat gebruik word vir klassifisering van sitrus tipes.

**definisie**

## Tipe

In Suid-Afrikaanse sitrus produksie word daar tussen vier tipes sitrus onderskeid getref, wat jy seker al ken. Hulle is lemoene, pomelo's, sagte sitrus, en suurlemoene / lemmetjies.

## Variëteit

Variëteit is die term wat gebruik word om sitrus tipes verder te verdeel. Ons kan byvoorbeeld lemoene in nawels en valencias verdeel.

## Kultivar

Kultivar beteken gekultiveerde variëteit en kan gebruik word om nog verder tussen vrugte van dieselfde variëteit onderskeid te tref. Byvoorbeeld, kultivars van nawel lemoene sluit in Palmer, Navelina en Washington.

## Onderstam

Die laaste term wat ons moet verstaan is onderstam. Om te begin moet jy verstaan hoe ons sitrus boompies in die kwekery groei. Saadjies word gebruik om saailinge te maak. As die saailinge gegroei het totdat hulle stamme omtrent potlood dikte is, word 'n stukkie okuleerhout op die saailing geënt. Die okuleerhout is van die vrugkultivar en groei uit om die vrugdraende deel van die boom te wees. Die saailing-deel van die plant vorm die onderstam.


# Sitrus Tipes en Kultivars

Kom ons kyk nou in meer detail na die verskillende sitrus vrugte.

Hou asseblief in gedagte dat nuwe sitrus kultivars die hele tyd ontwikkel word. Dit is dus ontmoontlik om alle sitrus kultivars hier te noem, maar dit is nodig om die groot kommersiële variëteite en kultivars te ken, en ook wanneer verskillende tipes en variëteite gedurende die seisoen gepluk en verpak word, watter variëteite die beste groei in watter areas, en hoe onderstamme by kultivars pas. Jy moet ook weet waar om meer informasie en goeie advies omtrent nuwe kultivars te kry.

**voorbeeld**

## Sitrus Kultivars




## Soet Lemoene

Ons begin met die sitrus tipe wat die grootste deel van sitrus produksie en uitvoere in Suid Afrika opmaak, naamlik soet lemoene.

Van al die sitrus wat uitgevoer word vorm lemoene omtrent twee derdes, en die lemoene wat uitgevoer word opgemaak uit een derde nawels en twee derdes valencias.

**inligting**

### Let Wel

As ons plantkundig daarna kyk is daar twee ander soet lemoen variëteite wat belangrik is, naamlik middel seisoen lemoene (ook genoem mids), en bloedlemoene. Mids word tradisioneel as valencias bemark, en bloedlemoene as nawels.

## Nawel Lemoene




Nawel lemoene is vernoem na die vergroeisel aan die bloeipunt van die vrug. Dit lyk soos 'n klein naweltjie, maar is eintlik 'n embrioniese vruggie. Nawels is saadloos, medium tot groot, en is 'n lieflike geel-oranje kleur wanneer dit ryp is. Die vrug is maklik om te skil en is bekend as die beste vrugte vir nagereg. Die vrug-vorm en die kleur van die vleis verskil van kultivar tot kultivar.

Nawels doen goed in koeler produksie areas, waar nag temperature heelwat val gedurende herfs. Onthou dat kleur ontwikkeling in die skil van sitrus vrugte afhang daarvan dat nag temperature laer as dertien grade Celsius moet wees terwyl dit relatief warm bly gedurende die dag.

Die grootste produksie areas vir nawels is die Oos-Kaap, koeler areas in die Limpopo provinsie en die Wes-Kaap.

Die groot kommersiële nawel kultivars is Palmer, Bahianinha, Navelate, Washington en Cambria. Daar is kultivars wat reg is vir pluk so vroeg as laat-Maart en April, terwyl die laat variëteite die seisoen tot Augustus kan laat strek.




**Bron:** CRI Cultivar Fact Sheets

## Valencia Lemoene




Valencias alleen maak 44% op van alle sitrus wat uitgevoer word vanaf Suider-Afrika, en 40% van die hektare onder sitrus aanplantings word gebruik om valencia kultivars te produseer.

Die vrugte is medium tot groot, met 'n mooi oranje skil wat nie te dik is nie en wat 'n gladde, fyn, knopperige tekstuur het. Valencias het ook 'n relatiewe hoë suur- en suikerinhoud, wat beteken dat die vrug baie geurig is. Valencias het ook 'n hoë sap inhoud. Die vrugte is dus ideaal vir versapping en om vars te verorber.

Valencias hou van warm, vogtige areas. Twee derdes van valencias word in Limpopo en Mpumalanga provinsies geproduseer. Die ander belangrike produksie area is die Oos-Kaap, wat 16% van die valencias in Suid Afrika verteenwoordig.

Midknight (tegnies 'n middel seisoen lemoen), Delta Valencia, Valencia Late, en Turkey Valencia is die kultivars wat meeste geproduseer word, en verteenwoordig omtrent 85% van die Valencia produksie. Turkey Valencia is die eerste kultivar wat ryp word en is reg om gepluk te word in omtrent die laaste week van Mei in warmer produksie areas. Die laaste valencias word in September ge-oes.




**Bron:** CRI Cultivar Fact Sheets

## Sagte Sitrus

Sagte sitrus is 'n groepnaam vir vrugte wat ook los-skil, of in die spraaktaal nartjies, genoem word. Die belangrikste karaktertrek wat al die vrugte deel is dat hulle maklik skil en geurig is, wat hulle die ideale peuselvrug maak.

Sagte sitrus word in koeler, droër areas verbou, maar daar is ook party kultivars wat al bewys het dat hulle ook in warmer klimaat aard. Nog steeds word 75% sagte sitrus in Suider-Afrika in die Oos- en Wes-Kaap aangetref.


Daar is drie onderskeie sagte sitrus variëteite, naamlik satsumas, clementines en mandaryne.

## Satsumas



Satsuma kultivars word die vroegste ryp van alle sagte sitrus. Die vrugte is saadloos, met 'n los skil wat maklik afskil. Die mees populêre Satsuma variëteit is Miho Wase wat 85% van Satsuma produksie opmaak.

Miho Wase is ook die Satsuma kultivar wat vroegste ryp word en kan al van so vroeg as middel-Maart gepluk word. Ander Satsuma kultivars word tot so teen die einde van Mei nog ge-oes.





**Bron:** CRI Cultivar Fact Sheets

## Clementines



Clementines is die mees gesogte sagte sitrus variëteit. Die vrug skil maklik, en as hulle eksklusief in blokke gegroei word en weggehou word van kultivars wat hulle kan kruisbestuif, is hulle saadloos. Ryp vrugte het 'n lieflike, briljante oranje kleur, en die vleis het 'n kenmerkende soet smaak en geur.

Die gewildste clementine kultivar is Nules, wat omtrent 75% hektare beslaan. Die kommersiële clementine kultivar wat die vroegste ryp word, is reg vir pluk teen die einde van Maart, met die laatste vrugte so teen middel-Junie.




**Bron:** CRI Cultivar Fact Sheets

## Mandaryne



Mandaryn kruisings is baie dieselfde as clementines. Mandaryne is ook 'n goeie eet-vrug, met 'n taamlike dun skil. Die kleur van die vleis kan wissel tussen 'n goue kleur tot 'n diep rooierige oranje, afhangend van die kultivar.


Nadorcott is die mees algemene mandaryn kultivar, en maak omtrent twee derdes van die totale mandaryn produksie op. Vroeë mandaryn kultivars is reg vir oes om en by middel-Mei, en die seisoen kan strek tot so laat as September.

Novas en minneolas is kultivars wat onder die mandaryn vaandel bemark word, maar hulle is eintlik aparte variëteite.

Novas is groter as ander sagte sitrus vrugte, en skil nie so maklik nie. Die vleis van 'n Nova is diep oranje en het 'n kenmerkende aroma. Die segmente is sappig, sag en soet. Hulle word van April tot middel-Junie ge-oes.



Die minneola is 'n kruising tussen pomelo en tangerien. Dit is gewoonlik 'n groot vrug met 'n kenmerkende tepel aan die stingel kant van die vrug. Die skil van ryp vrugte is diep oranje, en die vleis is geurig en sappig met 'n goeie pikante smaak. Hulle is reg om te pluk vanaf middel-Mei tot en met die einde van Julie.




**Bron:** CRI Cultivar Fact Sheets

# Suurlemoene en Lemmetjies



Almal is vertroud met suurlemoene – hulle word vars gebruik om mee te kook en in drankies. Suurlemoensap is noodsaaklik in meeste kombuise. Suurlemoene is altyd beskikbaar, en die gemiddelde verbruiker verwag om suurlemoene selfs in die middel van die somer te kan koop.



Lemmetjies is nie so algemeen verkrygbaar nie. Hulle is kleiner, rond en groen in kleur. Lemmetjies word nie op grootmaat in Suid-Afrika geproduseer nie, omdat hulle baie warm en vogtige klimaatstoestande nodig het.

Die voorkoms en kenmerke van suurlemoene verskil tussen kultivars, maar almal het een ding in gemeen – hulle is baie suur. Suurlemoene is die sitrusvariëteit wat die vinnigste groei, en is die afgelope drie of vier seisoene baie winsgewend.

Omtrent die helfte van alle suurlemoene in Suid-Afrika word in die Oos-Kaap geproduseer, met Limpopo provinsie in die tweede plek. Die twee provinsies saam met die Wes-Kaap maak 90% van suurlemoenproduksie op.

Die hoof suurlemoen kultivar wat kommersieel in Suid-Afrika verbou word, is die Eureka suurlemoen, wat omtrent 75% van die produksie opmaak. Die skil van die Eureka is glad en redelik dun, en helder- tot goud-geel in kleur wanneer die vrug ryp is. Die vrug het 'n hoë suur- en sap inhoud. Daar is ook 'n saadlose Eureka kultivar.

Eureka suurlemoene kan soveel as drie vrugsette hê. Dit beteken dat 'n mens op dieselfde boom vrugte kan kry in tot drie verskillende groei fases. Hierdie kenmerk lei daartoe dat bome in warmer areas bemarkbare vrugte van so vroeg as Februarie af kan produseer, en tot so laat as September in koeler areas. Ander kultivars word gebruik om die periodes tussen die verskillende vrugsette te vul.

# Pomelo's

Pomelo variëteite het almal 'n kenmerkende pikante soet smaak en geur. Pomelo's is 'n populêre ontbytvrug, en word gebruik om marmelade te maak. Die drie mees algemene pomelo variëteite is star ruby, marsh en rosé.

Pomelo's groei die beste in warm, vogtige toestande, en dit word meestal verbou in die Limpopo provinsie, Mpumalanga, Swaziland en KwaZulu-Natal. Hierdie areas saam maak omtrent 90% van produksie op.

Star ruby is die kultivar wat die vroegste ryp word, en is reg om gepluk te word van omtrent middel-Mei. Die laatste kultivars word gepluk tot in Augustus.

## Star Ruby

Star ruby is by verre die mees algemene pomelo kultivar, en beslaan omtrent 85% van die hektare onder pomelo produksie. Die vrugte is medium tot groot, met 'n diep goud-geel tot rooi kleur.

Die vleis van die star ruby is diep-rooi, met 'n soet smaak. Die vrug het selde meer as een of twee sade, en het 'n hoë sap inhoud. Dit is die ideale vrug om vars te eet.



## Marsh



Marsh is 'n groot, wit-geel vrug en is ook amper saadloos. Marsh het 'n kenmerkende skerp, pikante smaak. Marsh kan vars geëet of versap word.

Dit is ook die gunsteling vrug om marmelade mee te maak.

## Rosé

Rosé vrugte is 'n bietjie kleiner as marsh, en is ook so te sê saadloos. Die skil van die vrug is lig-geel met 'n kenmerkende rooi bloos. Die vleis is lig-pienk in kleur. Die smaak is amper soos dié van star ruby, dis net nie heeltemal so skerp nie.



## Shaddock



Die laaste variëteit wat ons behoort te noem is shaddock, wat ook somtyds 'n jaarlemoen of pummelo genoem. Die variëteit is nie streng gesproke 'n pomelo nie, maar word so bemark. Die vrug het 'n dik skil, en 'n dik, sponserig albedo. Die vleis is lig-pienk, met taai membrane tussen seksies. Dit maak die vrug nie maklik is om te eet nie, maar vir dié wat weet, is dit een van die lekkerste sitrus vrugte wat jy kry. Shaddocks word ryp aan die begin van die seisoen in April en Mei.

| | March | | | | April | | | | May | | | | June | | | | July | | | | Aug | | | | Sept | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 |
| Star Ruby | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | | | | | |
| Marsh / Nartia | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | | | |
| Jackson | | | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | | | | | | | |
| Ray Ruby | | | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | | | | | | | |
| Henderson | | | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | | | | | | | |
| Rosé | | | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | | | |
| Flamingo | | | | | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | | | | | |
| Star Ruby late | | | | | | | | | | | | | | | | | | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | | | | | |

**Bron:** CRI Cultivar Fact Sheets

# Sitrus Onderstamme

Die onderstamme wat mees algemene in sitrus produksie in Suid-Afrika gebruik word, is Roughlemon (growweskil suurlemoen), Volckameriana, Swingle Citrumelo, Carrizo Citrange, Troyer Citrange, X639 (of Cleopatra XP Trifoliate), C35, MXT en Yuma citrange.

Voordat ons die regte onderstok kan kies is dit belangrik om die funksies van die wortels te verstaan. Wortels anker die boom in die grond, absorbeer en vervoer water en voedingstowwe na die plant, sintetiseer groei reguleerders en stoor voeding reserwes.

Die regte tipe onderstok is een wat aan die volgende vereistes voldoen:

- Dis verenigbaar met die vrugdraende deel van die boom
- Dis aanpasbaar by die grond- en klimaatstoestande
- Dit maak die vrugdraende deel meer produktief en lewenskragtig
- Dis bestand teen plae en siektes
- Dit verbeter vrug rypheid, gehalte, kleur, grote en die oeslading.

Dit mag miskien moeilik klink, maar die regte onderstok kan al hierdie dinge doen. In samevatting kan ons sê dat die onderstok gekies word met twee hoofdoelwitte, naamlik:

- Om die effek te minimaliseer wat beperkende faktore soos grond gehalte, besproeiingswater gehalte en die teenwoordigheid van siektes mag hê, en
- Om oeslading, vruggrootte en vruggehalte te verbeter.

Hierdie tabel som die karaktertrekke van die onderstokke wat mees algemeen gebruik word op. Neem kennis van die hoeveelheid navorsing wat gedoen is en die inligting wat tans beskikbaar is oor watter onderstok die beste werk in sekere omstandighede, en hoe dit boom prestasie beïnvloed.

| | **Rough-lemon** | **Swingle Citrumelo** | **Carrizo Citrange** | **X639** | **C-35** | **MXT** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Siektes** | | | | | | |
| Exocortis | Tolerant | Tolerant | Sensitief | Vatbaar | Vatbaar | Vatbaar |
| Tristeza | Tolerant | Tolerant | Tolerant | Tolerant | Tolerant | Tolerant |
| Phytophtora | Vatbaar | Tolerant | Tolerant | Vatbaar | Tolerant | Tolerant |
| Sitrus nematodes | Vatbaar | Tolerant | Vatbaar | (Onbekend) | Tolerant | Tolerant |
| **Grond** | | | | | | |
| Swak dreinering | Vatbaar | Tolerant | Sensitief | Sensitief | Tolerant | Sensitief |
| Hoë klei inhoud | Sensitief | Tussentyds | Tussentyds | Sensitief | Tolerant | Tussentyds |
| Hoë sand inhoud | Tolerant | Tussentyds | Tussentyds | Tussentyds | Tussentyds | Tussentyds |
| Hoë chloriede | Tolerant | Tussentyds | Sensitief | Tussentyds | Sensitief | Sensitief |
| Hoë pH | Tolerant | Sensitief | Sensitief | Tolerant | Sensitief | Sensitief |
| Droogte | Tolerant | Tussentyds | Tussentyds | Sensitief | Sensitief | Sensitief |
| Herplant | Sensitief | Tolerant | Tussentyds | Sensitief | Tolerant | Tussentyds |
| **Boom Prestasie** | | | | | | |
| Boom groei koers | Lewenskragtig | Redelik | Redelik | Redelik | Laag | Redelik |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Finale boom grootte | Groot | Medium | Medium | Medium | Klein | Medium |
| Koue weerstan-digheid | Swak | Goed | Goed | Goed | Goed | Goed |
| Langlewendheid | Redelik | Goed | Goed | Redelik | Goed | Goed |
| Opbrengs per boom | Hoog | Goed | Goed | Goed | Goed | Goed |
| Vrug gehalte | Laag | Goed | Goed | Goed | High | High |
| Skil kleur ontwikkeling | Tussentyds | Laat | Vroeg | Vroeg | Tussentyds | Tussentyds |

**inligting**

### Onderstam Seleksie

In volume 1 van die Sitrus Produksie Riglyne kan jy meer gedetailleerde inligting kry aangaande onderstamme en die keuse van die korrekte onderstam. As jy steeds hulp en advies nodig het, praat met jou naaste gesertifiseerde sitrus kwekery oor die beste pad vorentoe.

## Veilige Plant Materiaal

Boompies kan by enige geakkrediteerde sitrus kwekery gekoop word. Boompies moet ten minste agtien maande voor die tyd bestel word om die kwekery genoeg tyd te gee om die boompies te maak. Maak seker dat die kwekery wat jy gebruik deur die Sitrus Verbeterings Skema (SVS) geakkrediteer is, want dan kan jy gemoedsrus hê dat hulle net egsoortige boompies van die beste gehalte sal voorsien.

Die kwekery verkry gesertifiseerde okuleerhout vanaf die Sitrus Grondvesblok, en die bome voldoen aan die standaarde wat daar gestel is deur die Sitrus Verbeterings Skema. In kort beteken dit dat die boompies gesond sal wees met 'n goeie voedings status; die boompies sal pes en siekte vry wees; die stamme sal reguit wees; die okulasie merk sal ten minste twintig sentimeter bo die grond wees; die boompies sal 'n gesonde en goed ontwikkelde wortelstelsel hê; en die boompies sal vry wees van skadelike patogene en nematodes.

Maak seker dat jy hierdie detail met die eienaar van die kwekery bespreek wanneer jy die boompies bestel, en besoek die kwekery af en toe om te sien hoe dit met jou boompies gaan. Wanneer die boompies afgelewer word moet daar 'n sertifikaat, wat deur die SVS uitgereik is, saam met elke besending wees. Die sertifikaat staaf die oorsprong van die okuleerhout en dat die bome gesond is. Onthou dit is 'n vereiste vir GlobalGAP registrasie.

**definisie**

### GlobalGAP

GlobalGAP is internasionaal erkende boerdery standaarde vir Goeie Landbou Praktyke. Produsente demonstreer hulle nakoming van GlobalGAP standaarde deur sertifisering.

Die Sitrus Grondvesblok word besit en bestuur deur Citrus Research International, wat beteken dat dit eintlik aan die sitrus produsente van Suider-Afrika behoort. Meeste kwekerye

kry die saad wat hulle gebruik om onderstamme te groei vanaf die Sitrus Grondvesblok. Dit is ook 'n vereiste van die Sitrus Verbeterings Skema dat alle kwekerye al hulle okuleerhout van die Sitrus Grondvesblok moet kry.

Die Grondvesblok is in die Oos-Kaap naby Uitenhage, in 'n afgesonderde vallei waar sitrus nie kommersieel geproduseer word nie. Die naaste kommersiële sitrus boorde is in Kirkwood, omtrent veertig kilometer van daar af. Om die afgesonderheid te preserveer, het die Departement van Landbou, wat die nasionale plant beskermingsliggaam in Suid-Afrika is, 'n vyf kilometer uitsluiting sone onderskryf rondom die Sitrus Grondvesblok waar geen sitrus bome, nie eers in huistuine, geplant mag word nie.

## Ten Slotte

Dit is belangrik om jou sitrus te ken, en te weet wat groei die beste in jou area. Uitvoersitrus word al vir omtrent 'n honderd jaar in sommige produksie areas geproduseer en daar is baie kennis en data beskikbaar wat 'n mens kan gebruik om vas te stel wat die beste werk. Daarteenoor is nuwe kultivar ontwikkeling een van die vinnigste groeiende navorsingsgebiede en nuwe, opwindende kultivars word gereeld vrygestel.

inligting

### Bly op Hoogte

Om op hoogte van kultivar ontwikkeling kwessies te bly, teken in op, en lees bedryf publikasies en woon die Sitrus Navorsing Simposium en CRI studiegroep vergaderinge by. Bly ook in kontak met jou CRI voorligtingsbeampte.

citrus academy
CRW

# Sitrus Aanplanting Bestuur

## 3 Boord Uitleg en Beplanning

Leergids

Kopiereg ©

Posbus 461, Hillcrest, 3650
(031) 765-3410

**© Citrus Academy NPC**
1ste uitgawe 2017

Die inhoud van hierdie module is gebaseer op oudiovisuele opleidingsmateriaal wat deur die Sitrus Akademie geproduseer is.

**Draaiboek:**
Mooipraatjies

**Aanbieder:**
Mariëtta Kruger

**Oudiovisuele produksie:**
Media World

**Addisionele inligtingsbronne:**
Produksieriglyne vir Uitvoersitrus: Deel I – Verbouing van Sitrus: Vestiging, *Citrus Research International*
Cultivar Fact Sheet, *Citrus Research International*
Sitrus Akademie produksie opleidingsmateriaal:
- Enterprise Selection and Establishment
- Orchard Establishment
- Propagation

**Projek koördineerder:**
Sitrus Akademie (Jacomien de Klerk)

**Vervaardig deur** citrus academy

**In samewerking met** cri citrus research international

**Met die ondersteuning van** Citrus Growers' Association of Southern Africa — Grower levies working for you!

**Geborg deur** AgriSETA

**Vrywaring**

Met die aanvaarding van hierdie dokument en die inhoud daarvan stem u in dat u tot die voorwaardes van hierdie vrywaring verbind is.

U gebruik die inhoud van hierdie dokument uitsluitlik op eie risiko. Nóg die Sitrus Akademie, nóg Citrus Research International (CRI), nóg die Sitrusprodusentevereniging (Citrus Growers' Association – CGA) waarborg dat die inhoud van hierdie dokument geskik is vir u beoogde gebruik, of dat dit sonder onakkuraathede en weglatings is. Die menings en raad wat in hierdie dokument uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA nie. Die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs kan nie verantwoordelik gehou word vir verlies of skade van enige aard wat gely word as 'n direkte of indirekte gevolg van die gebruik, of die onvermoë om gebruik te maak, van enige raad, mening en / of inligting wat in hierdie dokument vervat is nie, of enige doelbewuste of onbewuste wanvertolking, wanvoorstelling of weglating in hierdie dokument, nie.

U vrywaar die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA van enige eis deur enige derde party teen die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs voortspruitend uit, of in verband met die gebruik van, of vertroue in die inhoud van hierdie dokument. Dit is u verantwoordelikheid om die geskiktheid al dan nie, van die beoogde gebruik van die dokument te bepaal.

# Inhoud

**Inleiding** 4
**Kaart** 4
**Natuurlike Hulpbronne en Kenmerke** 4
Grond 5
Waterbronne 5
Klimaat 6
Topografie 6
Erosie 6
**Infrastruktuur** 7
**Boord Uitleg en Oriëntasie** 9
**Ten Slotte** 9

# Inleiding

Teen die tyd dat jy die uitleg van 'n nuwe boord begin beplan sal jy alreeds weet wat jy in die boord gaan plant, en jy sal 'n idee hê van waar ongeveer die nuwe boord op die plaas sal wees. Maar hoe presies sal die boord lyk? Watter faktore moet ons aan dink wanneer ons hieroor besluit? Die twee hoof faktore waarna ons nou gaan kyk is eerstens: die natuurlike hulpbronne en die karaktertrekke van die area waar jy wil plant, en dan tweedens: die rol wat infrastruktuur speel.

# Kaart

Voor jy begin het jy 'n kaart nodig van die plaas waarop jy aantekeninge kan maak. 'n Hoë kwaliteit lugfoto werk baie goed vir hierdie doel, maar 'n topografiese kaart sal ook werk indien dit groot genoeg is. Namate jy die informasie wat ons hier gaan bespreek insamel, maak notas daarvan op die kaart met soveel detail as moontlik. Dit sal jou help om te verstaan wat jy het om mee te werk as dit kom by die finale beplanning.

**inligting**

## Kaart van die Area

Lugkaarte kan verkry word vanaf die plaslike landmeter kantoor, of vanaf National Geo-spatial Information (NGI), 'n afdeling van die Departement van Landelike Ontwikkeling. Meer inligting is beskikbaar by www.ngi.gov.za. Topografiese kaarte kan verkry word vanaf betroubare bronne soos MapStudio (www.mapstudio.com.za) of MapQuest (www.mapquest.com).

# Natuurlike Hulpbronne en Kenmerke



Die natuurlike hulpbronne wat belangrik is vir sitrus produksie is grond, water en natuurlike plantegroei. Natuurlike kenmerke verwys na klimaatstoestande en topografie. Alle boerdery aktiwiteite het 'n invloed die natuur. In 'n area waar daar van nature 'n wye verskeidenheid plant- en dierespesies voorkom, vestig boerdery grootliks een spesie – in ons geval sitrus bome – wat dan al die ander spesies oorheers. Die beskikbare water en grond word ook daarna hoofsaaklik gebruik om hierdie spesie te kultiveer.

Sodat ons die natuur kan onderhou en sover moontlik beskerm, is dit belangrik dat ons goed verstaan watter natuurlike hulpbronne ons nodig het vir sitrus produksie, hoeveel daarvan ons nodig het, en hoe ons dit kan gebruik op die beste moontlike manier. Ons moet ook verstaan hoe om die impak te beperk van ons boerdery aktiwiteite op die water, grond en natuurlike plantegroei. Dis belangrik dat ons al hierdie dinge verstaan voordat ons die boorde uitlê en beplan. Dan moet ons verder ook verstaan wat die impak op die boord uitleg is van sekere natuurlike eienskappe.

## Grond



Terwyl die nuwe boord beplan word, word profielgate gegrawe in die area waar die boord gaan wees sodat ons die aard van die grond akkuraat kan vasstel. Grondmonsters word ook geneem by die gate vir ontleding. Profielgate moet ten minste 1.2m diep wees.

Grawe ten minste vyf profielgate per hektaar as die grond redelik dieselfde, of homogeen, is. As daar verskillende grond tipes in dieselfde area is, is dit beter om meer as vyf gate per hektaar te grawe. Grondmonsters moet duidelik gemerk word sodat ons presies weet waar ons die monster geneem het, en moet dan na ’n laboratorium gestuur word vir ontleding. Merk die posisie van die profiel gate op jou kaart en kruisverwys dit duidelik na die monsters.

**inligting**

### Geakkrediteerde Laboratoriums

Vir ’n lys van geakkrediteerde laboratoriums in Suid-Afrika, kontak asseblief Citrus Research International (CRI) by www.cri.co.za of besoek die webwerf van die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkreditasie Stelsel (www.sanas.co.za).

citrus academy

Die resultate van die grondontleding word gevoeg by die observasies wat ons van die profiel gate gemaak het. Maak notas oor hierdie bevindinge op jou kaart. Dit is ook ’n goeie idee om ’n grondspesialis te raadpleeg oor die voorbereiding vir die nuwe boord, en hoe om die grond die beste te bestuur nadat die boord geplant is.

CRW

## Waterbronne



Behalwe vir reën, is die hoof waterbronne van meeste plase riviere, kanale, damme en boorgate. Dui al die waterbronne op jou kaart aan. Ons moet seker wees dat daar genoeg water beskikbaar is deur die jaar van een of meer van die beskikbare bronne om die sitrus aanplanting aan die gang te hou.

Volwasse sitrusbome benodig tussen 7,000 en 10,000 $m^3$ water per hektaar per jaar. Wanneer gedurende die jaar ons die water benodig hang af van die plaaslike reënseisoen, maar as ’n reël benodig mens meer water gedurende die somermaande as in die winter. Die waterbronne moet die nodige water kan voorsien wanneer nodig. Dit is ’n goeie beleid om ’n plaas te ontwikkel binne die kapasiteit van beskikbare water en om ’n veiligheidsfaktor vir watervoorsiening in te bou.

Waar waterbronne geleë is in verhouding tot waar die nuwe boord geplant gaan word is belangrik omdat daar koste verbonde is daaraan om die water by die boord uit te kry wat in berekening gebring moet word.

Watergehalte is gewoonlik nie krities as dit by sitrus produksie kom nie, omdat sitrusbome verdraagsaam is. Solank die water nie besoedel of baie suur of alkalies is nie, sal die bome goed groei. Dit is nog steeds raadsaam om watermonsters te neem voordat die nuwe boord geplant word en om dit te laat ontleed sodat jy weet wat die kwaliteit van die water is. Merk die inligting op jou kaart, saam met die data aangaande die volume van die water van elke bron.

## Klimaat

